# OUDITKANTOOR DOEN BEROEP OP PRESTASIE, AANSPREEKLIKHEID, DEURSIGTIGHEID EN INSTITUSIONELE INTEGRITEIT IN PLAASLIKE REGERING

**Plaaslike regerings verteenwoordig burgers regoor Suid-Afrika en dra die hoop en aspirasies van gemeenskappe om hulle lewens en lewensomstandighede te verbeter.**

Hierdie regeringsfeer help om aan Suid-Afrikaners noodsaaklike dienste soos skoon water, behoorlike sanitasie, betroubare elektrisiteit, doeltreffende afvalbestuur en goed in stand gehoude paaie en munisipale infrastruktuur op 'n tydige en finansieel verantwoordelike manier te verskaf.

As die hoogste ouditinstelling van Suid-Afrika is ons vasbeslote om ons grondwetlike mandaat uit te voer om 'n kultuur van prestasie, aanspreeklikheid, deursigtigheid en institusionele integriteit in plaaslike regering te vestig, wat uiteindelik tot 'n beter lewe vir die mense van Suid-Afrika sal lei. Ons gebruik ook ons verbeterde magte om optrede te vereis waar daar 'n gebrek aan aksie en geen aanspreeklikheid is nie. Ons doen dit deur ons oudits van munisipaliteite en hulle entiteite en deur ons insig wyd te deel, aanbevelings te maak en leierskap op alle vlakke van regering aan te spoor om hulle deel te doen.

## JONGSTE MUNISIPALE OUDITUITKOMSTE

Die ouditeur-generaal (OG) het die jongste gekonsolideerde algemene verslag oor die ouditsuitkomste vir plaaslike regering vir 2022-23 op 27 Augustus 2024 in die Parlement ter tafel gelê. Die verslag bou voort op die boodskappe in die vorige algemene verslag, wat oor die eerste jaar van die sesde administrasie se termyn besin het. Die nuwe bekleërs het in daardie tydperk nog min geleentheid gehad om die ouditsuitkomste of die stand van plaaslike regering te beïnvloed.

Ons het verslag gedoen oor swakhede in diensleweringsbeplanning, verslagdoening en prestasie; verswakkende munisipale infrastruktuur; en die toenemende druk op plaaslike regerings se finansies as gevolg van 'n gebrek aan noukeurige besteding, vererger deur rade wat nie voldoende aandag aan hierdie sake gee nie. Die verslag het die goeie werk geloof wat by munisipaliteite met skoon oudits gedoen is; die agt metro's vir meer aandag beklemtoon; en gevra vir optrede om weerhoude

ouditmenings uit te skakel as gevolg van die skade wat hierdie munisipaliteite se gebrek aan deursigtigheid en aanspreeklikheid vir hulle inwoners veroorsaak.

Ons het pas verkose verteenwoordigers en alle rolspelers in die aanspreeklikheidsekostelsel aangemoedig om 'n kultuur van aanspreeklikheid te bevorder wat plaaslike regering sal transformeer en dienslewering sal verbeter.

Ons jongste algemene verslag toon egter dat daar min verandering was en – ten spyte van verbintenisse vir verbetering wat gemaak is – optrede te stadig was met min impak op die geleefde realiteite van gewone Suid-Afrikaners.

# OPSOMMING VAN SLEUTELBOODSKAPPE

## Ouditikomste verbeter nie

Die tendens van swak ouditikomste in plaaslike regering het voortgeduur, met slegs 34 (13%) van munisipaliteite wat skoon oudits gekry het. Betekenisvolle verbetering oor die termyn van die nuwe administrasie was nie sigbaar nie – terwyl 45 munisipaliteite se ouditikomste sedert 2020-21 (die laaste jaar van die vorige administrasie) verbeter het, het 36 verswak.

Die algemeenste ouditikoms was 'n ongekwalifiseerde ouditmening oor die finansiële state met bevindings oor prestasieverslagdoening en/of nakoming van belangrike wetgewing by 43% van die munisipaliteite. Hierdie munisipaliteite het min moeite gedoen om uit hierdie kategorie te beweeg, met 77 wat reeds sedert die einde van die vorige administrasie se termyn daar bly.

## Munisipaliteite sukkel om aan wette en regulasies te voldoen

Voldoening aan wetgewing het die grootste hindernis vir munisipaliteite gebly, met 86% wat wesenlikenakomingsbevindings ontvang het – effens swakker as die 85% in die vorige jaar en 83% in 2020-21.

## Minder weerhoude munisipaliteite bied 'n mate van hoop

Aan die positiewe kant was daar minder munisipaliteite waarvan die ouditmenings weerhou is – die ergste moontlike ouditikoms. Oor die administratiewe termyn het 18 munisipaliteite (hoofsaaklik in KwaZulu-Natal, Mpumalanga en Noordwes) uit hierdie kategorie beweeg. Twaalf munisipaliteite het in 2022-23 weerhoude menings ontvang.

## Meer finansiële state word betyds ingedien

Die getal munisipaliteite wat hulle finansiële state teen die wetlik voorgeskrewe datum ingedien het, het verder gestyg vanaf die lae indieningstempo van 81% in 2020-21 tot 91% in 2021-22 en 94% in 2022-23. Die verbeterings was die gevolg van rekenpligtige beamptes wat positief op ons kennisgewings oor wesenlike onreëlmatighede oor hierdie saak gereageer het, asook die provinsiale regerings wat munisipaliteite ondersteun het om verbintenisse wat gemaak is om finansiële state betyds in te dien, na te kom.

Finansiële state wat weereens laat ingedien is of glad nie ingedien is nie, was die hoofrede waarom ons nie die 2022-23-oudits van 10 munisipaliteite teen Maart 2024, die afsnydatum vir die jongste algemene verslag, kon afhandel nie.

## Min aandag word aan geloofwaardige verslagdoening oor munisipale prestasie geskenk

Plaaslike regering het goed ontwerpte prosesse met verantwoordelikhede wat deur wetgewing voorgeskryf word ten opsigte van die beplanning, begroting, monitering en verslagdoening oor die lewering van munisipale funksies en geïntegreerde ontwikkelingsplanne. Ons het egter steeds beduidende swakhede in prestasiebeplanning en verslagdoeningsprosesse geïdentifiseer.

Ons het nienakoming van wetgewing oor strategiese beplanning en prestasiebestuur by 45% van alle munisipaliteite, en by 91% van munisipaliteite met weerhoude ouditmenings, geïdentifiseer.

’n Totaal van 48% van munisipale prestasieverslae het inligting ingesluit wat nie nuttig en/of betroubaar was nie. Indien ons nie munisipaliteite toegelaat het om die wanvoorstellings wat ons in die voorgelegde prestasieverslae geïdentifiseer het, reg te stel nie, sou daar selfs nog meer prestasieverslae gepubliseer wees wat nie geloofwaardig was nie.

Die prestasieplanne van 19% van die munisipaliteite, insluitend vyf metro’s het aanwysers uitgesluit wat prestasie van hulle kernmandaatfunksies meet.

## Infrastruktuur maak nie dienslewering moontlik nie

Ons ouditwerk het talle terreinbesoeke geïnkorporeer om die vordering en gehalte van infrastruktuurprojekte te inspekteer. Ons het tekortkominge geïdentifiseer by 72% van die 75 projekte wat ons besoek het. Ons het gevind dat werk aan projekte alte

dikwels vertraag word, meer kos as wat beplan is en van swak gehalte is, en dat nuwe infrastruktuur nie in gebruik geneem word sodra die gereed is nie. Bestaande infrastruktuur gaan steeds agteruit omdat dit nie behoorlik in stand gehou en beveilig word nie.

## Geringe verbetering in gehalte van finansiële state maar meer moet gedoen word

Die gehalte van finansiële verslagdoening het nie veel verbeter nie, aangesien munisipaliteite op die ouditproses staatmaak om wanvoorstellings te identifiseer om dit reg te stel. Indien dit nie vir hierdie proses was nie, sou slegs 26% in 2022-23 ongekwalifiseerde ouditmenings ontvang het, vergeleke met die 58% wat dit wel uiteindelik ontvang het. Ten spyte van die bedrag wat munisipaliteite aan konsultante bestee om finansiële state van 'n goeie gehalte te verseker, is die verwagte voordele nie altyd sigbaar nie.

## Swak finansiële welstand van munisipaliteite duur voort

Swak finansiële bestuur kom steeds voor. Munisipaliteite verloor inkomste omdat hulle nie faktureer en inkomste invorder nie, en as gevolg van verliese aan water en elektrisiteit omdat infrastruktuur verwaarloos word. Hulle was ook nie versigtig met hulle bestedingspraktyke nie. Die vernaamste redes vir die voortgesette finansiële verliese en vermorsing was swak betaalpraktyke, onmededingende en onekonomiese verkrygingspraktyke, beperkte waarde en voordeel verkry vir geld wat bestee is, en swakhede in projekbestuur. Onbefondsde begrotings en hoë ongemagtigde besteding toon duidelik die swakhede in finansiële beplanning.

Die finansiële welstand van munisipaliteite bly gevolglik swak. Swak bestuurde plaaslikeregeringsfinansies het 'n direkte invloed op munisipaliteite se vermoë om die beloofde dienste aan hulle gemeenskappe te lewer en plaas verdere druk op die reeds beperkte openbare beursie. Krediteure word nie binne wetlik voorgeskrewe tydlyne betaal nie en veral die skuld aan Eskom en die waterrade bly hoog en groei steeds. Indien hierdie skuld nie betaal word nie, word gemeenskappe sonder toegang tot basiese dienste soos elektrisiteit en water gelaat. Dit maak dit ook moeilik om besighede optimaal te bedryf, wat die sukkelende ekonomie verder raak.

Die verlangde impak van nasionale en provinsiale intervensies om munisipaliteite wat in finansiële nood verkeer, te help om hulle uitdagings te hanteer, is nog

verwesenlik nie. Ons moedig hulle aan om hierdie ondersteuning voort te sit en te versterk.

## OG vereis aksie en aanspreeklikheid deur verbeterde mandaat

Die proses van wesenlike onreëlmatigheid maak steeds 'n impak: finansiële verliese van 'n geskatte R924,1 miljoen is verhaal, besig om verhaal te word, of voorkom as gevolg van hierdie proses. Rekenpligtige beamptes het ook opgetree om interne beheermaatreëls te versterk en die nie-indiening van finansiële state te hanteer, asook die onderliggende oorsake en impak van weerhoude ouditmenings; die besoedeling wat deur verwaarloosde rioolwaterbehandelingsaanlegte en wanbestuurde vullisterreine veroorsaak word; verwaarlosing van infrastruktuur en projekmislukkings; ondoeltreffende gebruik van hulpbronne; swak verkrygings-, betalings- en inkomstebestuurspraktyke; niebetaling van Eskom en waterrade; ondoeltreffende gebruik van finansiëleverslagdoeningskonsultante; en bates wat nie beskerm word nie.

Die meeste rekenpligtige beamptes doen stappe om wesenlike onreëlmatighede op te los, maar waar die wesenlike onreëlmatighede nie vinnig of met die vereiste erns hanteer is nie, het ons aanbevelings by ouditeursverslae ingesluit, regstellende stappe gedoen en sake aan die tersaaklike openbare liggame verwys vir ondersoek (waar toepaslik).

## Ouditstuitkomste van metropolitaanse munisipaliteite is sorgwekkend

Die ouditstuitkomste van metro's het verswak sedert die laaste jaar van die vorige administrasie, ten spyte daarvan dat metro's tipies groter vermoë en groter begrotings het om makliker bevoegde kundiges met geskikte vaardighede te lok om hulle uitkomste te verbeter.

Metro's se finansiële welstand bly kommerwekkend, aangesien hulle gesukkel het om hulle inkomstevorderingsvlakke te verbeter, ten spyte daarvan dat hulle planne vir finansiële herstel en omdraaistrategieë geïmplementeer het. Die lewering en instandhouding van infrastruktuur ontvang steeds nie genoeg aandag nie, soos gesien kan word in projekte wat vertraag word, staatstoekennings wat aan die Nasionale Tesourie terugbetaal moet word en die gebrek aan gevolge vir swak prestasie.

## Voortgesette uitnemendheid by munisipaliteite met volgehoue skoon oudits

Munisipaliteite met skoon oudits, veral dié wat hierdie status oor etlike jare volgehou het, word oor die algemeen gekenmerk deur gesonde finansiële- en prestasiebestuursdissipline en voer hulle funksies in ooreenstemming met toepaslike wetgewing uit. Hulle bestuur hulle projekte oor die algemeen doeltreffend sodat tekortkominge dadelik geïdentifiseer en reggestel word, en sodat tydlyne, begrotings en gehaltestandaarde nagekom word.

Die goed funksionerende beheeromgewing en goeie stelsels wat in hierdie munisipaliteite teenwoordig is, vorm 'n stewig fondasie waarvandaan rade die verbetering van hulle prestasie en dienslewering van hulle munisipaliteite verder kan prioritiseer.

Die 30 munisipaliteite wat hulle skoon ouditstatus behou het, stel steeds 'n voorbeeld van wat moontlik is. Die agt munisipaliteite wat hulle status van 'n skoon oudit verloor het, word aangemoedig om die basiese oorsake van die agteruitgang dadelik te hanteer sodat hulle weer 'n skoon oudit kan ontvang.

# IMPAK

Wanneer munisipaliteite nie hulle prestasie, finansies en infrastruktuur behoorlik bestuur nie, raak dit die lewering van belangrike regeringsprioriteite wat ten doel het om die lewens van Suid-Afrikaners te verbeter.

Dit kniehalter die konsekwente en volhoubare lewering van dienste en infrastruktuur op die basiese gebiede van water, sanitasie, afvalbestuur, elektrisiteit, behuising en paaie, ten spyte daarvan dat begrote fondse bestee word. Verswakkende lewensomstandighede en skade wat deur besoedelde waterbronne en vullisterreine veroorsaak word, kom algemeen voor.

Die vermorsing van geld en hulpbronne beteken minder fondse vir diensleweringsprioriteite en – uiteindelik – 'n groter las op belastingbetalers. Die gebrek aan geloofwaardige verslagdoening oor prestasie en finansies verswak nie net munisipale aanspreeklikheidsprosesse nie, maar ook die raad se vermoë om die munisipaliteit se prestasie te evalueer of om besluite in reaksie op onderprestasie te neem.

Hierdie voortgesette mislukkings in die mees kritieke deel van munisipale bedrywighede ontvang nie die nodige aandag van die verkose leiers nie.

## WAT GEDOEN MOET WORD

Ons herhaal ons beroep in vorige algemene verslae dat die rolspelers in die aanspreeklikheidsekostelsel, veral dié met direkte beheer oor dienslewering, doelbewus en met dringendheid moet werk aan 'n kultuur van prestasie, aanspreeklikheid, deursigtigheid en institusionele integriteit om uiteindelik 'n beter lewe vir die mense van Suid-Afrika daar te stel.

Aan die hand van die insigte uit ons werk oor diensleweringsbeplanning en verslagdoening, infrastruktuur en finansiële prestasie het ons drie hoofswakhede geïdentifiseer wat vordering kniehalter:

- • Onvoldoende vaardighede en vermoë
- • Beheermislukkings
- • Gebrek aan aanspreeklikheid en gevolge

Dit is dieselfde basiese oorsake wat ons konsekwent sedert die begin van die administratiewe termyn beklemtoon.

Diensleweringsverbeterings en die verantwoordelike gebruik van die beperkte fondse wat beskikbaar is, sal slegs moontlik wees wanneer munisipaliteite bekwaam, behulpsaam, aanspreeklik en responsief is, en wanneer hulle hulle mandate uitvoer. Munisipale leierskap, rade en burgemeesters speel 'n belangrike rol om die toon aan te gee vir etiese gedrag, goeie beheer en aanspreeklikheid, en om 'n kultuur te skep wat vertroue in plaaslike regering bevorder.

Ons beroep op aksie in die jongste algemene verslag is op die breër aanspreeklikheidsekostelsel, en veral op rade (insluitend burgemeesters), wetgewers, provinsiale leierskap en koördinerende instellings en hulle uitvoerende owerhede gemik.

Kortom sluit dit die volgende in:

### Professionalisering en bemagtiging van plaaslike regering

Gapings in vaardighede en vermoëns kan hanteer word deur 'n gesamentlike poging om professionaliseringsinisiatiewe van plaaslike regerings te ondersteun en

implementeer. In die strewe na professionalisering moet munisipale bestuurders, rade en provinsiale leiers 'n toekoms najaag waar plaaslike regering 'n voorkeurloopbaan vir kundiges is, waar skaars vaardighede kan floreer en behou kan word.

### Bekwame instellings met interregeringsondersteuning

Steun uit alle sfere van regering – deur gekoördineerde en samewerkende pogings in vennootskap met munisipale leiers – sal sterk bestuur in munisipaliteite bevorder.

### 'n Kultuur van etiek en aanspreeklikheid

'n Gedeelde visie van responsiwiteit, gevolgebestuur, aanspreeklikheid en etiese gedrag is noodsaaklik om te verseker dat stappe dadelik gedoen word en individue aanspreeklik gehou word. Die gebrek aan gevolge vir swak prestasie en oortredings kniehalter 'n kultuur van prestasie, aanspreeklikheid, deursigtigheid en institusionele integriteit.

## DIE PAD VORENTOE

Ons moedig alle rolspelers in die aanspreeklikheidsekostelsel aan om hulle aangewese rolle te vervul en hulle deel doeltreffend en sonder aansien des persoons te doen om aanspreeklikheid vir staatsbesteding en die verbetering van die lewe van alle Suid-Afrikaners te verseker.

Ons bly daartoe verbind om met die plaaslikeregering-aanspreeklikheidsekostelsel saam te werk en dit te ondersteun deur ons oudits, die gebruik van ons uitgebreide magte soos deur wysigings aan die Wet op Openbare Oudit toegestaan, en die talle inisiatiewe wat ons geïmplementeer het om alle rolspelers by te staan en te lei. Ons vertrou dat die insigte en aanbevelings in ons jongste algemene verslag in hierdie poging van waarde sal wees.

*Besoek ons webwerf (mfma-2023.agsareports.co.za) om die volledige verslag te lees en te sien hoe u munisipaliteit gevaar het.*

**Einde.**